SENSUS 2011

GEEN REDE VIR VREES TYDENS 2011-SENSUS VERSEKER

2010-12-19 Liesl Peyper Kaapstad

Suid-Afrikaners hoef nie vir hul veiligheid te vrees gedurende die 2011-sensusopname nie, want alle veldwerkers wat data insamel, sal verplig wees om 'n identiteitskaart te dra.

"Veiligheid is iets waaroor alle Suid-Afrikaners bekommerd is. Daarom sal veldwerkers maklik uitgeken kan word," het mnr. Calvin Molonga gesê. Hy is projekbestuurder van Sensus 2011. Indien daar twyfel oor 'n veldwerker se identiteit bestaan, kan 'n tolvrye nommer geskakel word.

Veldwerkers wat aansoek doen om te help met volgende jaar se sensus, wat op 9 en 10 Oktober gehou word, moet verkieslik gewerf word in die gemeenskappe waarin hulle woon. "Deelnemers sal meer op hul gemak wees om vrae te beantwoord van mense wat aan hulle bekend is," het Molongoana gesê.

Voornemende aansoekers moet:
- ten minste 'n matrieksertifikaat hê;
- in staat wees om huishoudings tussen 07:00 en 21:00 te besoek;
- verkieslik oor eie vervoer beskik; en
- integriteit hê in die gemeenskap waarin hy of sy woon.

Afgetrede kandidate kan ook aansoek doen, mits hulle gesond is, want elke veldwerker sal byna 150 huishoudings in sy of haar gebied moet besoek.

Almal wat binne die grense van Suid-Afrika woon, is wetlik verplig om aan die sensus deel te neem – ook onwettige immigrante. Volgens mnr. Pali Lehohla, statistikus-generaal, sal mense nie gevra word of hulle wettig of onwettig in Suid-Afrika is nie – slegs waar hulle gebore is.

"Alle inligting wat ingesamel word, is streng vertroulik. "Dit is 'n oortreding om nié aan die sensus deel te neem nie, en diegene wat weier, kan ernstige strawwe opgelê word," het Lehohla gesê.

Die finale uitslag van die sensus sal in Maart 2013 bekend gemaak word.

Mnr. Pali Lehohla, hoof van Statistieke Suid-Afrika, aan die woord oor die voorbereidings vir vanjaar se sensus, waarmee op 10 Oktober begin word. Foto: Deaan Vivier

Waarom 'n sensus?

'n Sensus stel die regering in staat om vas te stel of bevolkingsgetalle vermeerder of afgeneem het. Dié inligting help die staat om te beplan vir toekomstige projekte vir ekonomiese ontwikkeling en dienslewering.

Die projekte is vir die voorsiening van onder meer:
- water;
- elektrisiteit;
- onderwys;
- gesondheidsorg; en
- infrastruktuur.

- **Volksblad**

120 000 GAAN SA INWONERS TEL VIR SENSUS 2011

2011-09-14 Alet Rademeyer

Oor 26 dae sal 120 000 mense wat deur Statistieke Suid-Afrika (SSA) aangestel en opgelei is, begin om die land se inwoners vir die 2011-sensus te tel.

Mnr. Pali Lehohla, hoof van SSA, het gister 'n ernstige pleidooi aan Suid-Afrikaners gelewer om aan dié proses deel te neem sodat die land se mense hulself kan ken en verstaan.

Voordat dié omvangryke taak op 10 Oktober begin, sal 2,8 miljoen plakkate van sensusopnemers landwyd opgesit word as deel van die "Ken jou sensusopnemer"-veldtog. Dit sal die publiek in staat stel om die persoon te identifiseer wat die opname in sy of haar woongebied doen. 'n Telefoonnommer waar dié opnemer bereik kan word, sal ook op die plakkate verskyn.

Meer as 20 miljoen vraelyste sal in 114 000 sensusgebiede versprei word. Elke vraelys bevat 75 vrae, waarvan 50 oor die individu en 25 oor die huishouding gaan. Lehohla het gesê as opnemers gedwarsboom word in hul taak, kan regsoptrede volg.

Op 'n vraag of misdadigers die sensusproses nie kan uitbuit nie, het Lehohla gesê daar is vooraf seker gemaak dat die opnemers nie 'n misdaadgeskiedenis het nie. Die meeste is werklose Suid-Afrikaners met matriek wat ook 'n toets moes slaag.

- **Beeld**

Mnr. Trevor Manuel, minister in die presidensie belas met beplanning, help Peter de Villiers met sy sensusvorm. Die sensus begin op 9 Oktober, maar die Springbokke is hopelik dan nog in Nieu-Seeland by die Wêreldbeker-rugbytoernooi. Foto: Christiaan

BOKKE VOORAF GETEL VIR SENSUS

2011-08-31 Sarel van der Walt

Die Springbokke is bymekaar geroep en getel, maar moenie skrik nie, niemand is weg nie.

Omdat die Bokke hopelik met die nasionale sensus op 9 Oktober nog in Nieu-Seeland sal wees, het hulle voor hul vertrek reeds die sensusvorms ingevul. Die kwarteindstryd vind op 9 Oktober plaas. Die span vertrek môre na Nieu-Seeland.

Manuel het Peter de Villiers, die span se afrigter, gehelp om sy vorm in te vul, terwyl ander sensusbeamptes die res van die span bygestaan het. Van die sensusbeamptes het die geleentheid gebruik om die Bokke se handtekening te kry of by hulle afgeneem te word.

John Smit het vroeër aan pres. Jacob Zuma gesê hy weet die land se 50 miljoen mense staan bankvas agter sy span. "As die Springbok-kaptein sê daar is 50 miljoen mense in die land, wie is ek om met hom te stry? Maar ons hou dié sensus om presies uit te vind hoeveel mense daar is," het Manuel met 'n glimlag gesê.

- **Beeld**

SENSUSWERKERS IS BETROUBAAR, SÊ STATISTIEKE SA

2011-10-08 Maygene de Wee Kaapstad

Sensusveldwerkers begin môre om middernag om haweloses, asook diegene op sakebesoeke en in tydelike huisvestings, hospitale, tronke, polisieselle, ouetehuise en koshuise, te tel. Lede van gewone huishoudings word van Maandag getel.

Volgens mnr. Marius Cronje, uitvoerende hoof van Statistieke SA in die Wes-Kaap, is die name en identiteitsnommers van al die veldwerk-aansoekers nagegaan en daar is seker gemaak dat niemand 'n misdaadrekord het nie.

Só word sensuswerkers geïdentifiseer:

- 'n Sensus-ID-kaart;
- 'n A3-boekie met 'n kaart van die omgewing op die eerste blad;
- 'n Geel drasak met die embleem van Statistieke Suid-Afrika daarop, asook 'n swart keps en 'n geel jurk

Die Sensus 2011-inbelsentrum kan by 0800 110 248 gebel word om 'n veldwerker se identiteit te bevestig voor jy hom of haar in jou huis toelaat.

- Die Burger

BEGRIPSTOETS: SENSUS 2011 Datum: _____

20

A Skryf slegs die antwoord neer: (Spelling moet korrek wees)

1. Wie is die Springbokke se afrigter? _____
2. In watter jaar gaan die sensus se uitslag bekend gemaak word? _____
3. Waarvoor staan die afkorting SSA? _____
4. By watter koerant werk Sarel van der Walt? _____
5. Wat is die telefoonnommer van die Sensus 2011-inbelsentrum? _____(5)

B. Voltooi die sinne: (Spelling moet korrek wees)

6. Elke vraelys bevat 75 vrae, waarvan _____ oor die individu en 25 oor die huishouding gaan.
7. Die Bokke het voor hul vertrek na Nieu-Seeland reeds die _____ ingevul.
8. Sensuswerkers dra 'n geel sak met die _____ van SSA daarop, 'n swart keps en 'n geel jurk.
9. John Smit het gesê hy weet die land se 50 miljoen mense staan _____ agter sy span.
10. Van die sensusbeamptes het die geleentheid gebruik om die Bokke se _____ te kry of by hulle afgeneem te word. (5)

C. Onderstreep die regte antwoord:

11. Die uitvoerende hoof van Statistieke SA in die Wes-Kaap is ...

a) Trevor Manuel b) Marius Cronje c) Pali Lehohla d) Liesl Peyper e) Jacob Zuma

12. Name en identiteitsnommers van al die veldwerk-aansoekers is nagegaan om seker te maak

a) daar is genoeg vraelyste b) elkeen beskik oor eie vervoer.
c) elkeen het 'n selfoon. d) niemand het 'n misdaadrekord nie.

13. Hoeveel plakkate van sensusopnemers word landwyd opgesit?

a) 20 miljoen b) 2,8 miljoen c) 114 000 d) 120 000 e) 50 miljoen

14. Watter een is nié waar nie? Sensusopnemers is aangestel wat ...

a) werkloos is. b) matriek geslaag het. c) geen misdaadrekord het nie.
d) eie vervoer het. e) 'n kamera het om foto's te neem. f) in die gemeenskap woon.

(4)

D. Waar of onwaar?

15. _____ Mense in tronke word nie getel in Sensus 2011 nie.
16. _____ Sensuswerkers dra 'n boekie met 'n kaart van die omgewing.
17. _____ Onwettige immigrante hoef nie aan die sensus deel te neem nie.
18. _____ Alle veldwerkers wat data insamel vir Sensus 2011 is verplig om 'n identiteitskaart te dra.
19. _____ Dis 'n oortreding om nié aan die sensus deel te neem nie.
20. _____ Afgetrede persone mag nie sensuswerkers wees nie.

(6)
[20]

WOORDESKAT: Soek die woorde hieronder - watter woord bly oor? _____

1. sensusopname
2. veldwerkers
3. identiteitskaart
4. tolvrye
5. matrieksertifikaat
6. huishoudings
7. integriteit
8. gemeenskap
9. afgetrede
10. immigrante
11. onwettige
12. oortreding
13. bevolkingsgetalle
14. dienslewering
15. elektrisiteit
16. gesondheidsorg
17. infrastruktuur
18. statistieke
19. pleidooi
20. omvangryke
21. plakkate
22. veldtog
23. identifiseer
24. vraelys
25. misdaadgeskiedenis
26. werklose
27. landwyd
28. kwarteindstryd
29. sensusvorms
30. sensusbeamptes
31. geleentheid
32. handtekening
33. bankvas
34. haweloses
35. huisvestings

m	r	s	t	h	l	s	w	o	e	g	r	h	d	r	d	p	b	m	t	g	v	r	o	t
x	a	w	e	i	u	e	r	t	n	e	o	y	v	i	a	e	v	i	y	n	a	m	m	h
b	d	t	w	t	r	i	n	e	e	w	r	t	e	a	v	y	s	s	n	i	v	a	v	m
o	a	u	r	k	p	a	s	s	k	t	e	h	d	o	b	e	x	d	x	d	e	v	a	z
t	t	n	l	i	r	m	i	v	s	r	t	t	l	l	s	d	c	a	n	e	l	h	n	e
x	n	o	k	g	e	f	a	d	e	n	e	k	t	o	e	p	t	a	b	r	b	w	g	h
y	s	z	i	v	i	k	n	e	e	s	i	w	l	i	w	v	i	d	n	t	d	f	r	z
e	s	m	t	t	a	i	s	e	b	n	t	e	d	c	g	z	e	g	g	r	e	e	y	s
b	m	d	n	r	e	s	l	e	g	s	w	i	y	l	w	e	t	e	r	o	g	o	k	p
i	y	e	t	t	a	e	s	s	r	a	u	b	n	m	e	z	i	s	o	o	n	l	e	a
o	d	p	r	e	g	a	g	g	h	t	l	s	o	g	o	v	r	k	s	r	i	v	e	k
i	d	a	c	u	n	e	k	e	n	a	i	a	n	t	s	g	g	i	d	u	r	h	d	s
j	w	y	g	x	t	e	s	s	m	i	n	f	n	e	n	j	e	e	i	u	e	k	e	n
k	y	a	k	a	r	h	z	e	t	a	d	y	i	d	s	z	t	d	e	t	w	h	r	e
b	z	u	l	o	o	p	w	q	q	i	n	u	w	k	w	x	n	e	h	k	e	c	t	e
t	k	l	i	o	o	d	i	e	l	p	e	p	o	z	a	y	i	n	d	u	l	h	e	m
b	e	e	t	a	k	k	a	l	p	v	u	t	o	h	r	a	d	i	n	r	s	r	g	e
t	i	e	t	i	s	i	r	t	k	e	l	e	i	s	s	v	t	s	o	t	n	v	f	g
g	b	m	b	g	k	t	o	l	v	r	y	e	s	t	u	i	n	o	s	s	e	r	a	w
n	b	g	t	z	l	e	h	y	c	p	a	y	s	j	n	s	u	b	e	a	i	a	c	s
d	z	w	z	v	o	k	d	n	f	m	t	g	g	t	z	e	n	h	g	r	d	e	o	u
d	s	t	a	t	i	s	t	i	e	k	e	g	t	i	h	o	d	e	v	f	o	l	r	p
k	b	q	l	a	v	s	k	s	k	m	a	p	u	e	k	d	j	i	s	n	c	y	w	f
b	v	s	r	s	y	k	e	a	u	q	d	g	w	g	a	p	z	v	x	i	n	s	z	v
b	n	q	a	g	d	v	w	s	y	w	n	x	s	m	r	o	v	s	u	s	n	e	s	i

BEGRIPSTOETS: SENSUS 2011 **MEMORANDUM**

A Skryf slegs die antwoord neer: (Spelling moet korrek wees)

1. Wie is die Springbokke se afrigter? **Peter de Villiers**
2. In watter jaar gaan die sensus se uitslag bekend gemaak word? **2013**
3. Waarvoor staan die afkorting SSA? **Statistieke Suid-Afrika**
4. By watter koerant werk Sarel van der Walt? **Beeld**
5. Wat is die telefoonnommer van die Sensus 2011-inbelsentrum? **0800 110 248** **(5)**

B. Voltooi die sinne: (Spelling moet korrek wees)

6. Elke vraelys bevat 75 vrae, waarvan **50** oor die individu en 25 oor die huishouding gaan.
7. Die Bokke het voor hul vertrek na Nieu-Seeland reeds die **sensusvorms** ingevul.
8. Sensuswerkers dra 'n geel sak met die **embleem** van SSA daarop, 'n swart keps en 'n geel jurk.
9. John Smit het gesê hy weet die land se 50 miljoen mense staan **bankvas** agter sy span.
10. Van die sensusbeamptes het die geleentheid gebruik om die Bokke se **handtekening(e)** te kry of by hulle afgeneem te word. **(5)**

C. Onderstreep die regte antwoord:

11. Die uitvoerende hoof van Statistieke SA in die Wes-Kaap is ...
    a) Trevor Manuel b) **Marius Cronje** c) Pali Lehohla d) Liesl Peyper e) Jacob Zuma
12. Name en identiteitsnommers van al die veldwerk-aansoekers is nagegaan om seker te maak
    a) daar is genoeg vraelyste b) elkeen beskik oor eie vervoer.
    c) elkeen het 'n selfoon. d) **niemand het 'n misdaadrekord nie.**
13. Hoeveel plakkate van sensusopnemers word landwyd opgesit?
    a) 20 miljoen b) **2,8 miljoen** c) 114 000 d) 120 000 e) 50 miljoen
14. Watter een is nié waar nie? Sensusopnemers is aangestel wat ...
    a) werkloos is. b) matriek geslaag het. c) geen misdaadrekord het nie.
    d) eie vervoer het. e) **'n kamera het om foto's te neem.** f) in die gemeenskap woon. **(4)**

D. Waar of onwaar?

15. **onwaar** Mense in tronke word nie getel in Sensus 2011 nie.
16. **waar** Sensuswerkers dra 'n boekie met 'n kaart van die omgewing.
17. **onwaar** Onwettige immigrante hoef nie aan die sensus deel te neem nie.
18. **waar** Alle veldwerkers wat data insamel vir Sensus 2011 is verplig om 'n identiteitskaart te dra.
19. **waar** Dis 'n oortreding om nié aan die sensus deel te neem nie.
20. **onwaar** Afgetrede persone mag nie sensuswerkers wees nie. **(6)**

Oplossing



(Over,Down,Direction)
afgetrede(24,19,n)
bankvas(1,3,se)
bevolkingsgetalle(18,1,sw)
dienslewering(22,21,n)
elektrisiteit(13,18,w)
geleentheid(6,11,ne)
gemeenskap(25,18,n)
gesondheidsorg(20,21,n)
haweloses(10,11,ne)
huishoudings(19,21,nw)
huisvestings(5,1,se)
identifiseer(1,12,ne)
identiteitskaart(19,23,nw)
immigrante(1,10,ne)
infrastruktuur(21,24,n)
integriteit(18,16,n)
kwarteindstryd(1,14,ne)
landwyd(12,11,se)
matrieksertifikaat(1,1,se)
misdaadgeskiedenis(19,1,s)
omvangryke(24,1,s)
onwettige(9,1,se)
oortreding(21,10,n)
plakkate(10,17,w)
pleidooi(11,16,w)
sensusbeamptes(16,14,nw)
sensusopname(20,23,nw)
sensusvorms(24,25,w)
statistieke(2,22,e)
tolvrye(7,19,e)
veldtog(17,7,nw)
veldwerkers(17,11,nw)
vraelys(23,18,s)
werklose(8,1,sw)

Woord wat oorbly: handtekening